higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FUNDAMENTELE INGENIEURSWESE
NKR VLAK 2

(6021002)

19 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees AL die vrae aandagtig deur.

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: Suid-Afrikaanse vervaardiging, ingenieurswese en tegnologie

1.1 Verduidelik kortliks die gevolge van 'n ongeluk in 'n werksplek. (12)

1.2 Skryf die wet wat met elk van die volgende situasies verband hou langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Nuwe werknemer het opleiding nodig.

1.2.2 'n Ouer dame verloor haar werk en 'n jonger man word in haar plek in diensgeneem.

1.2.3 'n Werknemer moet 45 uur per week werk.

1.2.4 'n Werknemer wat nie dieselfde voordele (pensioen, verlof) ontvang as 'n ander werknemer wat dieselfde werk doen nie.

(4 × 1) (4)

1.3 In watter kategorie, *meganies, elektries* of die *motorbedryf*, val die onderstaande ambagte:

1.3.1 Ketelmaker

1.3.2 Ankerwikkelaar

1.3.3 Masjienmonteur

1.3.4 Paneelklopper

1.3.5 Spuitverwer

1.3.6 Setmaat- en stempelmaker

(6 × 1) (6)

1.4 Die Wet op Arbeidsverhoudinge, 66 van 1995, bepaal die reëls ten opsigte van onbillike arbeidspraktyk tussen die werkgewer en werknemer.

Verduidelik kortliks die belangrikste doel van die Wet. (8)

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 Die vakbond kan sy lede met betrekking tot enige probleme of klagtes rakende lone en salarisse verteenwoordig.

1.5.2 As 'n masjien nie behoorlik werk nie, kan dit 'n ongeluk veroorsaak.

1.5.3 Die agtergrondkleur van 'n beskermingsteken is groen.

1.5.4 Verdunning beteken dat 'n chemikalie sterker gemaak word deur water by te voeg.

1.5.5 Die KVBA is die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie.

1.5.6 'n Werknemer is geregtig op ses weke betaalde siekteverlof in 'n periode van 36 maande.

Kopiereg voorbehou

1.5.7 'n Kroonlyssnymasjien ('cornice brake') word gebruik om lang gedeeltes metaalplate te buig.

1.5.8 'n Draaibank is 'n masjien wat 'n werkstuk kan vashou en dit teen 'n baie hoë spoed kan roteer.

1.5.9 'n Myner ontgin steenkool bo grondhoogte.

1.5.10 Tegnici word spesiaal opgelei vir die installeringswerk wat hulle doen.

(10 × 1) (10)
[40]

VRAAG 2: Veiligheidspraktyke in die werksplek

2.1 Verduidelik kortliks DRIE dinge wat gedoen kan word om die gevaar wat masjiene inhou te verminder of uit te skakel. (3)

2.2 Bestudeer die lys hier onder en beantwoord die vrae.

Gebrek aan masjienskerms
Om teen onveilige spoed te werk
Om kanse te waag
Onveilige konstruksie
Wanorde en lukrake beplanning
Gekskeerdery, spottery of beledigende medewerkers
Werkswinkel bevat te veel mense/masjiene
Om toerusting aan te pas of met bewegende toerusting te werk
Versuim om veiligheidstoerusting te gebruik
Gebrekkige werksomstandighede

2.2.1 Kies die onveilige handelinge uit die lys.

2.2.2 Kies die onveilige toestande uit die lys.

(2 × 5) (10)

2.3 Noem VIER tipes handskoene wat gebruik kan word om jou hande in werksituasies te beskerm. (4)

2.4 Noem VIER basiese oorsake van 'n ongeluk. (4)

2.5 Noem VYF veiligheidsfaktore wat in gedagte gehou moet word wanneer materiale in 'n werksplek opgestapel word. (5)

2.6 Noem VIER kleure wat gebruik word vir om veiligheidsaspekte in 'n werkswinkel aan te dui. (4)
[30]

VRAAG 3: Basiese brandbestryding

3.1 In die geval van 'n brand, watter invloed sal die volgende handelinge op die brand hê:

3.1.1 Water word op 'n vuur gegooi

3.1.2 Om 'n vuur met sand, skuim of 'n chemikalie te bedek

3.1.3 Om die brandstoftoevoer af te sny

(3 × 1) (3)

3.2 In die onderstaande diagram word 'n simbool met elke soort brand geassosieer. Skryf die korrekte naam van die simbole (3.2.1–3.2.4) in die ANTWOORDBOEK neer. (4)



3.3 Noem DRIE tipes brandblussers wat in 'n werksomgewing aangetref word. (3)
[10]

VRAAG 4: Basiese noodhulp

4.1 Noem DRIE belangrike dinge wat jy moet onthou as jy die nooddienste se hulp inroep. (3)

4.2 Definieer *flouvallery*. (2)

4.3 Noem TWEE algemene oorsake van flouvallery. (2)
[7]

VRAAG 5: Gesondheid en die omgewing

5.1 Noem DRIE doelwitte van 'n bedryfsgesondheidsprogram. (3)

5.2 Bespreek kortliks watter rol plakkate in 'n veiligheidsprogram speel en verduidelik hoe hulle gebruik kan word. (5)

5.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (5.3.1–5.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.3.1 Veiligheidsplakkate behoort by die ingang van die fabrieksgebou of toiletgeriewe aangebring te word.

5.3.2 Dit is een van die pligte van die veiligheidskomitees om die bestuur te help om risiko's en onveilige werksprosedures te isoleer.

5.3.3 Veiligheidsopleiding is 'n omvattende uitbreiding van veiligheidsopvoeding om spesifieke beroepe, prosesse, poste of aktiwiteite te dek.

5.3.4 Die Wet op Veiligheid vereis dat alle werknemers ongelukregisters byhou.

5.3.5 'n Veiligheidsbeampte behoort as die bestuur se assistent en raadgewer oor veiligheid op te tree en toesighouerpligte uit te voer.

(5 × 1) (5)
[13]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou